# 7 Oktober 2023 - Lesing 147 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Natuurgebeurtenis en chaos – 8/7/60

**NO: 7643** Daar sal **ongeëwenaarde chaos** na My ingryping volg waartydens julle staande sal moet bly. Maar ongeag van wat ookal sal gebeur, kan julle altyd op My hulp reken. Die lewe sal vir julle draaglik wees wanneer julle dit lei na My, wanneer julle aan My hand vashou en elke tree saam met My gaan.

Maar die feit dat die chaos sal kom, is seker, selfs al lyk dit nog ongeloofwaardig vir julle, selfs as julle nie die aard en omvang daarvan vir julleself kan indink nie.

Want dit is die tyd van die einde. Dit is My heel laaste wekroep. **Dis is die laaste groot skok wat julle nog moet meemaak**, sodat julle mense die weg na My kan neem, - diegene wat nog op ander weë gaan, - sodat julle die **laaste kort tydjie** wat dan nog aan julle toegestaan word tot aan die einde, korrek kan gebruik.

Die chaos na My ingryping deur die kragte van die natuur sal onbeskryflik wees en julle sal **baie krag nodig hê** om te volhard. Maar julle kan altyd 'n beroep op My doen vir hierdie krag. Julle kan dit vir julleself verseker deur **werksaam te wees in liefde**.

Julle sal nooit kragteloos aan die noodlot oorgelewer word, indien julle maar net bereid sal wees om julle **medemens te help en My om hulp te vra om dit te doen** nie.

Ter wille van die **geestelike nood** laat ek hierdie natuurgebeure oor julle kom, sodat julle tot besinning kan kom oor wat die aardse lewe werd is, wanneer dit slegs wêrelds geleef word.

**Want julle sal alle besit verloor,** julle sal in omstandighede gedring word waarin julle baie hulp nodig sal hê en hierdie hulp slegs by My sal kan vind, **want aards sal elke hulpverlening onmoontlik wees**. Maar Ek kan julle help. En Ek sal julle help sodra julle My aanroep in gees en in waarheid, sodra julle maar innig vraende gedagtes na My sal opstuur of Ek Myself oor julle sou wil bekommer in julle nood.

En hoe **onselfsugtiger** julle gebede is, des te meer sal julle My hulp ondervind. En dan sal Ek van Myne verwag om **namens My te spreek** en ook hul medemens attent te maak op My. Dat hulle sal probeer om hulle te versterk in hulle geloof in My eindelose vaderliefde en dat hulle dus **werksaam sal wees vir My en My ryk.** Want dan sal hulle ook geopende ore en harte vind, ofskoon die meerderheid van die mense weinig na hulle sal luister.

Maar dit is nodig om nog die weiniges te wen, waar Ek **ter wille van hulle** hierdie katastrofe oor die aarde laat kom het. Want vir My is elke afsonderlike siel belangrik. Ek wil geen enkele siel verlore laat gaan wat nog gered kan word nie en Ek wil ook My dienaars in staat stel om vlot te kan spreek sodat hulle suksesvolle knegte kan wees in My wingerd.

Julle almal sal vooraf baie krag moet versamel, omdat die nood baie groot sal wees. Maar Ek verseker julle dat julle in staat sal wees om te volhou as julle maar net aan My vashou. Ek sal elke persoon met krag vul wat aan My dink in ure van die groot nood. In die geloof aan en vertroue op My hulp sal julle almal sterk wees en elke aardse nood bedwing. Want julle moet slegs die weg na My neem. Dit is die enigste doel van My ingryping, sodat julle nie meer verlore sal wees vir 'n oneindige lang tyd wanneer die einde aangebreek het nie. Amein.